# DIE INTERNASIONALE TONEEL SEDERT DIE EINDE VAN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

A. M. van Schoor

As ek die taak moet volvoer wat u vir hierdie simposium oor die internasionale politiek aan my opgedra het, naamlik om met 'n terugblik op die twee dekades wat sedert die einde van die oorlog agter die rug lê, die stand van die internasionale samelewing op hierdie stadium te skilder, met spesiale verwysing na die betekenis daarvan vir Suid-Afrika, dan kan ek my nie voorstel dat ek die opdrag beter kan uitvoer as om die gang van die internasionale gebeure te ontleed aan die hand van die ontwikkeling en verval van die Verenigde Volke nie. Want die Verenigde Volke is miskien die helderste spieëlbeeld van al die nasionale en internasionale strominge en wendinge, verwagtinge en teleurstellinge, probleme en bedreigings van die afgelope twee dekades.

## Verenigde Volke-organisasie

Daar was vyf duidelik onderskeibare fases in die Verenigde Volke se lewensplan van amper 22 jaar.

1945—1950: Die eerste, wat geduur het van 1945 tot 1950, was die tydperk van die volslae ontgogeling van die groot humanistiese idealisme van die Verenigde Volke se boumeester, wyle president Franklin D. Roosevelt, waarvoor hy by Jalta sulke wêreldstriemende opofferings aan die Stalinistiese Sowjet-kommunisme gemaak het, net om Russiese samewerking te verkry, eerstens vir die beëindiging van die oorlog in die Ooste teen Japan (wat minder as 'n jaar later nie nodig was nie, omdat die Amerikaners in Julie 1945 oor die atoombom beskik het) en tweedens, vir die oprigting van 'n wêreldorganisasie wat die vrede van die internasionale gemeenskap kon bewaak en bewaar. U onthou seker nog Roosevelt se geskiedkundige getuienis: „I have a hunch that Stalin is no imperialist; that if I give him everythiing he wants, he will work towards a world of peace and progress".

Daar was nog nooit in die kontemporêre geskiedenis 'n tragieser mistasting deur wêreldleierskap nie. Verre van sy oorlogsalliansie met die Weste óm te vorm en uit te bou tot 'n internasionale vredesbondgenootskap het Stalin se mee-

doënlose bevestiging van die monolitiese Sowjet-gesag oor Oos-Europa en sy aggressiewe ekspansionistiese houdinge teenoor oorlogsverwoeste Wes-Europa, die koue oorlog tot midde in die Verenigde Volke gebring. Indien daar andermaal, net soos na die Eerste Wêreldoorlog, 'n neiging by die Verenigde State sou ontstaan het om hom aan 'n aktiewe aandeel in wêreldsake *buite* sy eie halfrond te onttrek, dan is dit vernietig deur die kommunistiese ekspansionisme van die laat jare veertig, wat die Verenigde State gedwing het tot sommige van die grootste wêreld-politieke beslissings in sy bestaan: die massale ekonomiese heropbou van Wes-Europa deur die Marshall-plan; die proklamasie van die Truman-doktrine waardeur die Verenigde State, teenoor die dreigende ineenstorting van Griekeland en Turkye onder kommunistiese druk, homself verbind het tot hulp aan enige staat ter wêreld wie se nasionale integriteit en onafhanklikheid bedreig word deur politieke pressie van buite of subversiewe druk van binne. As die derde groot produk van hierdie warm koue oorlog van 1945—50 noem ek die totstandkoming van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO). Die groot gebeurtenisse wat volkomelik geslaag het in hul doel om die Sowjet-Russiese ekspansionisme te stuit, maar ook die saad van daardie intervensionistiese tendens van Amerikaanse buitelandse beleid gesaai het, waarvan ons tot vandag toe die naweë oes.

*In hierdie eerste vyf jaar van sy bestaan het die Verenigde State die Verenigde Volke volkomelik oorheers en die organisasie onbeskaamd gebruik as instrument van Amerikaanse wêreldpolitiek.* Al wat die Sowjet-kommunisme op hierdie stadium kon doen, was om sy vetoreg in die Veiligheidsraad te gebruik om die manifestasie van Amerikaanse politieke doelwitte te fnuik.

1950—'53: Hierdie fase in die na-oorlogse wêreldpolitiek het geëindig, en die tweede is ingelui, deur 'n onbegryplike taktiese fout aan Rusland se kant. Gedurende die eerste helfte van 1950, as nasleep van die vestiging van die nuwe Sjinese Kommuniste-staat deur Mao Tse-toeng in Oktober 1949, was die Sowjet-Unie besig met 'n hewige kruisvaart teen die erkenning van Nasionaliste-Sjina as een van die vyf vetohoudende grootmoondhede in die Veiligheidsraad en sy vervanging deur Sjina. Toe, in die vroeë môre in Junie 1950, die Noord-Koreaanse Kommuniste die 38e breedtegraad oorgesteek het om Suid-Korea te oorrompel, was die Russiese afvaardi-

ging afwesig toe president Truman blitssnel die Veiligheidsraad vir 'n noodsitting byeengeroep het. Die Amerikaanse mosie vir militêre aksie teen hierdie Kommuniste-aggressie is eenparig geneem — die laaste maal dat die Veiligheidsraad ooit 'n eenstemmige besluit oor enige vredesondernemende taak geneem en die uitvoerende funksies geïmplementeer het wat die Handves in hom gesetel het. Dit was 'n historiese gebeurtenis — want, vir die eerste en laaste maal, het die Verenigde Volke as geheel ook 'n *militêre alliansie* geword, om 'n Kommuniste-bedreiging van die vrede te stuit.

'n Konstitusionele verandering van verreikende betekenis het hierdie tweede fase in die Verenigde Volke se bestaan gekenmerk. In die besef dat die Sowjet-Unie nooit weer so onverhoeds in die Veiligheidsraad betrap sal word soos met die Koreaanse oorlogbesluit nie, het die Verenigde State die voortou geneem om daardie formule te skep wat bekend staan as die „uniting for peace"-besluit, wat op 3 November 1950 deur die Algemene Vergadering geneem is. Inderdaad het hierdie besluit die Algemene Vergadering, wat as 'n louter adviserende liggaam gekonsipieer en ingestel is, *gemagtig om enige veto uitgeoefen in sy uitvoerende orgaan, die Veiligheidsraad, te omseil en ongedaan te maak deur die Sekretaris-generaal te magtig om vrywillige bydraes van ledelande te vra vir enige militêre taakmag wat in die toekoms nodig sou wees om bedreiginge vir die vrede te besweer.* Hiermee is nog 'n historiese wending in die Verenigde Volke-skepping ingevoer — die eenstemmigheidsbeginsel in militêre aksie — of soos dit in V.V.-taal genoem word „responsible action" — waarvoor die Oktrooi gebiedend voorsiening gemaak het, is vir alle tye vernietig.

Met hierdie verwatering van sy vetoreg moes die Sowjet-Unie hom eintlik aan die Verenigde Volke onttrek het. Dat hy dit *nie* gedoen het nie, getuig van die vérsiende strategiese beplanning en taktiese improvisasie wat so 'n opvallende kenmerk van Sowjet-kommunistiese beleid en aksie is. Want toe reeds het Moskou groot potensiële waarde en krag gesien in twee ontplooiiende faktore — eerstens, die moontlike toelating van Kommuniste-Sjina, en tweedens, (en dit was die vernaamste) die ingrypende strukturele verandering in die Verenigde Volke deur die toelating van die nuwe vrye nasies van die onderhorige Nuwe Wêreld. Die verloop van sake in die volgende sestien jaar het die Sowjettaksering as foutloos

korrek bewys. Ons kom weer hierby terug.

Dag Hammerskjold: Met die beëindiging van die vyandelikhede in Korea in 1953 deur 'n onwisse vrede wat tot vandag toe nog 50,000 Amerikaanse troepe daar vasgepen hou, gaan die Verenigde Volke sy derde fase binne. In die drie jaar, 1950 tot 1953, danksy die oorheersende Amerikaanse gesag, het die Verenigde Volke homself ondubbelsinniglik verbind aan 'n pro-Westerse, anti-kommunistiese oriëntasie. Hieraan het 'n einde gekom toe die Russiese vete teen die eerste Sekretaris-generaal, Tryg Lie, oor sy rol in die Koreaanse episode geslaag het en hy feitlik gedwing is om te bedank. Sy opvolger, Dag Hammerskjold, het as sy primêre taak die rekonsolidasie van die verdeelde wêreldorganisasie aanvaar. Hy het uit sy pad gegaan om die Verenigde Volke uit die Oos-Wes-magstryd te hou en het deliberaat goeie betrekkinge met die Kommuniste-staatshoofde gekweek. Inderdaad het Hammerskjold in hierdie periode 'n derde histories verreikende verandering in die hele V.V.-konsep aangebring. Dit het sy strewe geword *om die Verenigde Volke te ontwikkel tot 'n wyer organisasie van vrye state, met sy eie politieke invloedsgebied, onafhanklik van dié van die wedywerende grootmoondhede.* Dit was hy wat die konsep begin uitbou het van die Verenigde Volke as 'n supra-nasionale wêreldregerende liggaam, beklee met gesag bo sy lede se huishoudelike soewereiniteit. Die omwentelende strukturele verandering wat die Verenigde Volke ondergaan het met die toetrede van 72 nuwe lede sedert sy stigting in 1945, verstrengel soos dit was met die kruisvaardende supra-nasionale gesagsdenke van die liberale internasionalisme van na die oorlog, het hierdie Hammerskjold-siening van die Verenigde Volke versnel. Hieroor ook later meer. Daar is rede om te glo dat Hammerskjold teen 1962, na sy historiese besoek aan Suid-Afrika, die rewolusionêre uitwerking van hierdie supra-nasionaliteitsbegrip begin besef het; maar toe was dit te laat vir retireer. Hoe dit ook al sy, die Suez-affêre van 1956 het Hammerskjold se doelwit geweldig bevorder.

Dekolonisasie: Gelyktydig met sy strewe om die Verenigde Volke se gesag, afsonderlik van en bo dié van die wedywerende wêreldblokke te vestig, het Hammerskjold hom tot die dekolonisasiekruisvaart gewend. Dit was 'n populêre kruisvaart, gretiglik gesteun deur beide die Sowjet-Unie en die Verenigde State, wat albei groot politieke magswinste vir hulself gesien

het in die uitbreiding van V.V.-lidmaatskap. Laasgenoemde het skouspelagtig gegroei van 51 stigterslede in 1945 tot 100 in 1960. In hierdie jaar het die Nuwe Wêreld 'n volstrekte meerderheid in die Algemene Vergadering behaal. Veral die Verenigde State het homself te buite gegaan om die gunste van die nuwe vrye nasies te werf deur feitlik elke hulp- of ontwikkelingsprogram onder Verenigde Volke-borgskap te finansier. Op hierdie stadium is die Verenigde Volke gesien as 'n soort internasionale skool vir opleiding in die demokrasie en internasionale vennootskap.

Daardie ideaal is in 1960 in die Kongo die lug ingeblaas, en die Verenigde Volke het sy vierde stadium binnegetree. Met gebruikmaking van die „uniting for peace"-formule het Hammerskjold ingrypende uitvoerende magte aangegryp om die hooggeroemde saak van nasionale bevryding te volvoer. Die Kongo-avontuur het op 'n volslae debakel uitgeloop en het Hammerskjold sy lewe gekos. Hierdie Kongo-operasie, die eerste Verenigde Volke „uniting for peace"-oorlogsoptrede, het nie net die Kongo in chaos gelaat nie, maar rampspoedige gevolge op al die betrokke partye afgedruk. Dit het 'n Amerikaans-Russiese magswedloop in die Kongo veroorsaak, wat die Russe verloor het, en so is ook die koue oorlogstryd tussen hierdie twee groot wedywerende ledemoondhede binne die Verenigde Volke self heropen. Halfpad deur die oorlog het die Sowjet-Unie verbitterd en verbete teen Hammarskjold gedraai — selfs voorgestel dat hy deur 'n troika — 'n driemanskapsbestuur — vervang word.

Na Hammerskjold, met 'n oneffektiewe vooringenome Oosterling U Thant aan die stuur, het die Russiese weiering om vir die Verenigde Volke se „uniting for peace"-oorlog in die Kongo te betaal, daardie liggaam in 'n finansiële krisis gedompel waaruit dit nooit herstel het nie. Die Russe was nie alleen in hul weiering nie. Frankryk het insgelyks geweier om vir die Kongo-gemors, by te dra op grond van sy betwisting van die Verenigde Volke se reg om daar in te meng. Op dieselfde beginsel het Suid-Afrika ook geweier om die Kongo-gelag te help betaal.

Op hierdie tydstip het die Amerikaners (deur 'n valse waardering van hul invloed onder die Afro-Asiate) nog oortuig van hul vermoë om die Verenigde Volke as instrument van Amerikaanse beleid te herwin, die rampspoedige flater begaan om 'n „show down" met die Russe oor die finansiële kwessie

af te dwing. Die Verenigde State het verloor: 'n uitslag wat, enersyds, die aftakelende Amerikaans-Westerse gesag in die Verenigde Volke deur die magsoorname van die Nuwe Wêreld geopenbaar het en, andersyds, die betekenisvolle feit beklemtoon het (deur elke latere gebeurtenis gestaaf) dat geen optrede wat strydig is met die Sowjet-Russiese posisie, 'n hoop in die warm plek het om in die Verenigde Volke te slaag nie. In die V.V.-nasleep van die Israel-Arabiese oorlog vanjaar het die Russe ook die waarheid van die teendeel ondervind, wat net bewys in watter volkome magteloosheid die Verenigde Volke deur die Oos-Wes-wedywering en die Afro-Asiatiese uitbuiting daarvan ontaard het.

Politiek buite V.V.O.: Die vyfde fase in die Verenigde Volke se bestaan waarin ons nou verkeer, is ingelui deur die kentering in die Amerikaanse houding. Sedert die Kubaanse krisis van November 1962 en veral sedert die groeiende Amerikaanse verwikkeling in Suid-Viëtnam *het die Verenigde State sy wêreld-beleid geheel en al buite die Verenigde Volke-raamwerk gevoer.* Trouens, deur U Thant se jongste veroordeling van die Amerikaanse opvatting van sy oorlogstaak en doelwitte in Suidoos-Asië is die Verenigde State effektief klaar met die Verenigde Volke. Sy heulery met die Afro-Asiatiese vetes vir die sogenoemde „bevryding" van Suider-Afrika is net 'n desperate poging om sy verlore invloed in die Algemene Vergadering teenoor die Russiese eksploitasie van Afro-Asiatiese nukke en grille te beredder met 'n flirtasie met die Nuwe Wêreld, wie se simpatie en steun die Verenigde State vervreem het deur sy Viëtnam-beleid en deur sy rasse-konflikte tuis.

In hierdie vyfde fase staan die Verenigde Volke nou gefrustreerd en magteloos binne al die striemende probleme wat hy vir homself geskep het deur die *self-skending van sy wettigheid,* deur sy aanvaarding van uitvoerende bevoegdhede wat die Handves nooit aan hom toegeken het nie, en deur die miskenning van die enigste beginsel waarop nasionale en internasionale bestaan en naasbestaan moontlik is.

## Internasionale moratorium

En met hierdie breë panoramiese beeld van die groot internasionale strominge en dwarsstrominge van die afgelope 22 jaar wil ek nou nader tuis kom na Suid-Afrika in

hierdie wêreldraamwerk. In 1956, op 'n Sabra-jaarkongres, het ek 'n blink gedagte gelos wat almal destyds as 'n yling bestempel het. My ylende gedagte was dat die wêreldnasies, deur die Verenigde Volke, die probleme van wêreldonrus — toe eintlik vergelykenderwys in hul ontkiemingstadium, want die Suez-krisis was 'n onverwagte donderslag op die horison; die helfte van Afrika was nog in die vrywordingsproses — ek herhaal, my voorstel was dat die wêreldmoondhede by wyse van internasionale ooreenkoms 'n moratorium vir vyf of tien jaar moes proklameer oor alle probleemsituasies, met ander woorde, dat hulle die wêreldposisie, soos dit toe in 1956 was, moes bevries, die status quo moes toesweis, sodat ewolusie in elke bekwaalde wêrelddeel, ongesteurd deur rewolusionêre omwentelinge van binne of subversiewe druk van buite, kon voortskrei en dat die wêreldsamelewing dan, aan die einde van hierdie moratorium-tydperk, heroorweeg word in die lig van die vooruit- of agteruitgang wat, nasionaal en internasionaal, op daardie stadium bereik is.

Ek het hierdie blink gedagte aan die hand gedoen natuurlik met die oog spesiaal gerig op my eie land, Suid-Afrika, wat toe, net soos nou, in die hete branding van wêreldveroordeling gestaan het. Wat ons betref, was my blink voorstel dus dat die wêreldgemeenskap sou ooreenkom om 'n moratorium oor die geskil Suid-Afrika te proklameer, om die vete teen Suid-Afrika vyf jaar lank te bevries, en dat die oordeel of die omstrede Suid-Afrikaanse veelvolkige beleid voldoen aan die reg en geldigheid waarop ons daarvoor aanspraak maak, tot aan die einde van so 'n vyf jaar van onversteurde buitelandse aanvaarding uitgestel word.

### Wêreldbeeld

Ek sê: my gedagte van 'n internasionale moratorium op wêreldgeskille is destyds as 'n yling bestempel. Dit *was*, want met die kennis van elf jaar wat agter ons lê, het juis *dié* land ten opsigte van wie ek in die eerste plek so 'n bevriesing bepleit het, Suid-Afrika, 'n moratorium nie nodig gehad om die geldigheid van sy lewens- en staatsbeskouing te bewys nie. Die wêreldlande wat die meeste by so 'n moratorium sou gebaat het, het rewolusie gemaai deur evolusie te versmaai. Dis nie vir my nodig om die wêreldprent van die afgelope dekade vir u anders as in die breedste trekke te skilder nie:

die Verenigde State reddeloos verwikkel in Viëtnam, met 'n halfmiljoen man, in 'n stryd wat wesentlik gaan oor watter plek indien enige, die getalsterkste volk op aarde, Kommuniste-Sjina, in sy wêreldkontrei sal inneem; die Sowjet-kommunisme, militant ekspansionisties terwyl die teorie en praktyk van sy eie ideologie in verval is; Brittanje in 'n niemandsland aan die einde van tien jaar van aftakeling van sy wêreldbates — in stryd met Rhodesië; twee oorloë in die Nabye Ooste wat in sy wese gaan oor die betwiste lewensreg van 'n soewereine Joodse staat in 'n Arabiese wêreld; agt bewinde in Afrika omvergewerp deur die interne spanninge van volke in die wroeging van vroegtydige uhuru; Afrika blootgestel aan vreemde indringing: die Sjinese Kommunisme in Tanzaniië en Zambië; die Russiese Kommunisme in beheer oor Arabiese Afrika en nou infiltrerend in Nigerië. Ek besef dis 'n futiele oefening maar dit sal die student van die internasionale politiek tog sekerlik vergewe word as hy aan die Verenigde Volke sou vra watter wêreld ons in 1967 sou bewoon het as elke land, tien jaar gelede, deur internasionale ooreenkoms sou aanvaar het dat hy binnewaarts sal kyk in plaas van buitewaarts, omdat hy tot homself, sy eie inherente probleme sal inkeer in plaas van wêreldspanninge te verhewig deur die intenasionalisering van nasionale probleme en strewens om langs daardie weg die wedywerende magspel van die twee wêreldideologieë te dien.

**Soewereiniteitsbeginsel**

Met die agteraf kennis van tien jaar wil ek geredelik toegee dat dit net so goed was dat so 'n internasionale Operasie Koelkas *nie* in 1956 aanvaar is nie. Want die gebeure van die afgelope dekade het die historiese voordeel gehad dat dit die basiese premisse van die ontvoogdingskruisvaart wat die Westerse moondhede na die oorlog aanvaar en met onrealistiese drif versnel het as repliek op die Sowjet-kommunisme se aanspraak dat hy die enigste bevrydingsideologie vir die afhanklike wêreld bied, onthul het as geheel en al op valse insigte en doelwitte gebaseer. Die Westerse bedrywingskruisvaart, getiranniseer deur die liberale internasionalistiese denke van die na-oorlogse Amerikanisme, was wel gerig op die ontvoogding van afhanklike volke, maar tegelykertyd ook op die geleidelike *denasionalisering* van eiendomlike soewereine

nasionale bewussyn. Ons het die volmaakte voorbeeld daarvan in die geval van Wes-Duitsland gesien. Die Duitse volk moes wel materieel heropgebou word om 'n bolwerk teen die aggressiewe Stalinistiese ekspansie van die eerste vyf jaar na die oorlog te word, maar dit moes gelyktydig geskied met hul volslae denasionalisering. 'n Eie nasionalisme ontsê, is die Wes-Duitse volk jare lank verskeur tussen die keuse van òf 'n Europese nasionalisme, wat die Gaullisme as die nasionale doelwit vir die herrese Duitse volk voorhou, òf die Atlantiese burgerskap wat die Amerikanisme as die sleutel tot Duitse lidmaatskap van die Westerse volkeregemeenskap beskou. Selfs die sweem van 'n herrysende Duitse nasionalisme gee die wêreld die koue rillings.

Maar ek wil my bepaal by Afrika. Die denasionaliseringsdoelwit wat die Amerikaanse internasionalisme afgedwing het op al die bondgenote wat van hom afhanklik was en is — met Brittanje vooraan — het *twee* oogmerke gehad. Die eerste: om volksgroepe, ongeag hul verskille van ras, geloof of kultuur, in die grootste moontlike staatsverband te integreer sodat hulle bereid sou wees, of voorberei kon word, om op nasionale terrein hul eiendomlike persoonlikheid op te los in die geheel. Daarvandaan sou die tweede — en vernaamste uiteindelike doelwit — makliker verwesenlik kon word, aldus geïntegreerd om die staat te berei om op sy beurt, sy soewereiniteit te onderwerp aan die supra-nasionale gesag van 'n wêreldregeringsorgaan, soos die Verenigde Volke.

Hierdie konsep het in die afgelope dekade volkomelik in sy toepassing gefaal. Eerstens het dit gestuit teen blanke Suid-Afrika se vasberade, verbete weiering om sy blanke soewereiniteit binne sy nasionale terrein te deel met ander volksgroepe, of om op die internasionale terrein sy nasionale staatsgesag in enige opsig hoegenaamd ondergeskik te maak aan 'n supranasionale bevoegdheid van die Verenigde Volke.

Die vete teen Suid-Afrika is verbloem, verdoesel, verwar met beskuldigings van rassediskriminasie. Dit was maar net die oëverblindende tegniek van die vyandige liberale wêreldmening. Die konfrontasie, Suid-Afrika teen die wêreldmening, gaan oneindig dieper — tot die penwortel van die soewereiniteitsbegrip in nasionale en internasionale verhoudinge.

In die tweede plek het die internasionalistiese staatsbeskouing juis die smadelikste gefaal in die vrye Nuwe Wêreld. Nie een enkele groepering van afsonderlike volksgroepe het

êrens in Afrika staande gebly nie. Die Federasie van Rhodesië en Njassaland het onder die nasionale bewussynsdruk van aparte volke ineengestort. Die Federasie van Nigerië het in bloedvergieting gedisintegreer in 'n stamburgeroorlog. En die Kongo wroetel nog steeds in stryd en bloed deur as gevolg van die unitêre staatsverband wat, in stryd met alle werklikheidseise, op hierdie groot land afgedwing is.

Dit was, en bly, die fundamentele mistasting van die na-oorlogse Amerikaans-Westerse wêreldbeskouing: dat nasionale harmonie bereik kan word deur die integrasie van onversoenbare nasionalismes en dat internasionale soewereiniteite aan 'n oorvleuelende supra-nasionale wêreldgesag ondergeskik moet wees. Hierdie internasionaliseringsdrif deel die Kommunisme met die Westerse Amerikanisme, ter wille van sy eie doelwit — 'n verskuilde neo-imperialistiese magsoeke.

Watter verwagtinge die internasionalistiese wêreldbeskouing ook al daarvan mag gekoester het is, ironies, juis vernietig deur die magsoekende blokvorming van die nuwe nasies wat die Verenigde Volke, as die orgaan van wêreldregering, nou tot volslae magteloosheid verneder het en, as instrument vir die magspolitiek van die twee wedywerende ideologiese blokke — die Vrye Weste en die Kommunisme — volkome waardeloos en selfs vredesgevaarlik gemaak het.

Dit is die agtergrond waarteen ons Suid-Afrika se posisie in die internasionale gemeenskap en ons ontplooiende verhoudinge met Swart Afrika moet sien. Dit is onsin om te beweer dat Suid-Afrika homself geïsoleer het van die wêreldgemeenskap.

Onder die voortgang van die De Gaulle-visie van 'n nuwe vryelik geassosieerde Europa; met Roemenië se diplomatieke verbintenis met Wes-Duitsland en sy steun aan Israel oor 'n regstreekse vredesakkoord tussen hom en sy Arabiese bure, kraak selfs die monolistiese Moskou-gedomineerde struktuur van Kommunistiese Oos-Europa, *nie* uit 'n prinsipiële opstand teen die kommunisme nie, maar uit 'n nasionalistiese manifestasie van daardie grondbeginsel van nasionale en internasionale bestaan wat die na-oorlogse wêreldbeskouing, kommunisties sowel as Amerikaans-liberalisties, verwerp en Suid-Afrika teen die hele vyandige wêreldmening gehandhaaf het — die beginsel van nasionale soewereiniteit.

Onder die staatsleiers van ons tyd is dit net De Gaulle van Frankryk wat die begrip van supra-nasionaliteit verwerp en

daarom ook 'n kampvegter van die onskendbaarheid van nasionale soewereiniteit geword het. Israel het in al die jare van die bedreiging van sy nasionale soewereiniteit in 'n vyandige Arabiese Nabye Ooste lippediens aan die beginsel betuig, totdat hy met wapengeweld moes terugslaan om sy lewensreg as soewereine Joodse staat in die Nabye Ooste te bevestig. Dis die internasionalistiese wêreldmening wat *Suid-Afrika* wou isoleer, kwansuis omdat hy sy beleid **nie** konformeer met norme wat hulle versin het vir die uitbouing van 'n internasionale universitaliteit nie — norme wat die werklikhede van die afgelope dekade as vals en onbestaanbaar bewys het.

As enigiemand hierdie stelling sou betwis as die versinsel van 'n Afrikaner-Nasionalis wat vìs vir argumente om Suid-Afrika se afsonderlike ontwikkelingsbeleid te regverdig, dan antwoord ek met die eenvoudige wedervraag hoe op aarde dit moontlik is dat Suid-Afrika op die oomblik besig is om 'n samewerkings-assosiasie met onafhanklike swart state in sy onmiddellike omgewing en so ver noord in Afrika as Malawi te ontwikkel, en dit juis in 'n tydsgewrig waar ander internasionale verbintenisse in duie stort, sonder dat verskil in kleur of rassediskriminasie enige rol daarin speel. Die Verenigde Volke is in sy stuiptrekkings. Kontinentale organisasies soos die Organisasie vir Afrika-eenheid is steriel. Regionale assosiasies lê in skerwe, soos die Westerse SOAVO vir die Suidoos-Asiatiese gebied; SENVO vir die Nabye Ooste-Indiese gebied; NAVO vir die Atlantiese gebied.

Selfs nie die Arabiese Bond kan die eenheidsdwang van hul rampspoed hervorm tot 'n saambindende regionale kragsorganisasie nie.

Wat De Gaulle nou sê, en waarvoor hy feller as enige Suid-Afrikaanse eerste minister uitgekreet word, is dat die wêreld moet terugkeer na die *beginpunt* in 1945. Dat die twee grootmoondhede, die Verenigde State in die Weste en die Sowjet-Unie in die Kommunistewêreld, ontwortel moet word uit die dominerende en dus inmengende gesagsposisie wat die Jalta-spil aan hulle besorg het; dat Washington, Moskou, Londen, Parys en Peking die transformasie van die Verenigde Volke deur sy self-skending van sy wettigheid as gevolg van sy regstreekse inmenging in die soewereiniteit van ledelande, moet hertransformeer deur dit na sy beginpunt in 1945 terug te dwing.

Dit is die enigste weg terug. Daarom het ek geen die minste

huiwering nie om te voorspel dat die geskiedenis nog die uitspraak sal lewer dat, in die wêreldwroegingstyd van die jare sestig, twee staatsmanne sal uittroon as die suiwerste prinsipiële denkers van hul tyd in die ganse wêreldgemeenskap — Charles de Gaulle van Frankryk en Hendrik Verwoerd van Suid-Afrika.

Ek glo die tyd sal nog bevestig dat die konsep van skeiding en onafhanklikheid van soewereiniteit wat aan hulle politieke beskouing ten grondslag gelê het, die enigste geldige en praktiese stap is na vreedsame naasbestaan in enige kontrei met afsonderlike volksgroepe wat hul selfbeskikkingsreg regmatiglik opeis. Die pad na 'n vreedsame wêreldsamelewing loop deur balkanisasie, nie deur integrasie van onversoenbare nasiebestanddele nie — deur assosiasie in onafhanklikheid, nie integrasie in onderhorigheid aan 'n supra-nasionale wêreldgesag nie.

Op hierdie soewereiniteitsbeginsel ontwikkel nou Suid-Afrika se verhouding met sy Afrika-buurstate. Dit geskied op die basis van die aanvaarding van elke land se soewerein onafhanklike persoonlikheid, met afswering van enige reg van inmenging of voorskrif ten opsigte van die nasionale lewenswyse of strewe van die assosiërende state, voortgestu deur die behoeftes en eise van hul belangegemeenskaplikheid, interafhanklik binne afsonderlike soewereine onafhanklikheid. Hierdie assosiasie werk, en sal toenemend bly werk, omdat aan die een kant van Suid-Afrika, die drang is nòg van die Westerse moondhede om invloedsfere met ekonomiese mag te koop nòg van die Kommunisme om met ekonomiese, politieke en militêre bystand kommunistiese satellietstate te skep. Ons prinsipiële benadering verskil selfs hemelsbreed van dié van die enigste twee Europese moondhede wat met welslae bande met Afrika behou het — van die Portugese wat Afrika-provinsies handhaaf, en van Frankryk wat Franssprekende Afrika-invloedsgebiede aan die gesag van metropolitaanse Parys wil verbind deur 'n Franse kultiveringsproses, gedra deur Franse hulp aan net diegene wat die Franse verband wil behou.

In die Suid-Afrikaanse Afrika-beleid is Pretoria nòg die sentrum van Amerikaanse-Britse invloedsfere, nòg van Russies- of Sjinees-kommunistiese satellietstate. Dit is net so min die hoofstad van Afrika-provinsies of 'n Franse Afrika-kultuurgebied.